Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE V1

## NASIENRIGLYNE

## NOVEMBER 2021

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 22 bladsye.**

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 B - kapitaal ✓✓
1.1.2 A - Kuznets ✓✓
1.1.3 D - nasionalisering ✓✓
1.1.4 C – finansiële afgeleides ✓✓
1.1.5 C - Wêreldhandelsorganisasie ✓✓
1.1.6 A – nasionale ontwikkelingsplan ✓✓
1.1.7 B - vaardigheidondersteuningsprogram ✓✓
1.1.8 D - koptellingsindeks ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 D - geld ontvang sonder dat enige produktiewe diens gelewer is ✓
1.2.2 F - besteding deur besighede op kapitaalgoedere ✓
1.2.3 I - die minimum bedrag geld vereis deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank waaraan banke moet voldoen om geldskeppingsaktiwiteite te manipuleer ✓
1.2.4 E - om vir verskillende klante verskillende pryse vir dieselfde produk te vra ✓
1.2.5 B - monitor identifiseerbare en omskryfbare kwessies verwant aan menslike welstand ✓
1.2.6 A - kombinasie van internasionale handelsbeleide wat vir die heersende toestande in 'n ekonomie geskik is ✓
1.2.7 H - spesiaal geboude nywerheidspersele wat fisies omhein is en met internasionale hawens verbind is ✓
1.2.8 C - landswye owerheidsinmenging wat arbeidsintensiewe metodes gebruik om werk te skep ✓ (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Absolute voordeel ✓
1.3.2 Jaarlikse begroting / Nasionale begroting / Hoofbegroting ✓
1.3.3 Regressief ✓
1.3.4 Uitvoerbevordering ✓
1.3.5 Ekonomiese ontwikkeling ✓
1.3.6 Geïntegreerde Vervaardigingstrategie ✓
(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**AFDELING B**

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem enige TWEE deelnemers aan die ekonomiesekringloop-model.**

- Huishoudings ✓
- Sakesektor ✓
- Owerheid ✓
- Buitelandse sektor ✓ (2 x 1) (2)

2.1.2 **Waarom lei openbaresektor-mislukking tot maatskaplike onstabiliteit?**

- Die lewens van mense word gedestabiliseer en hulle menseregte word benadeel ✓✓
- Die gemeenskap raak ontevrede en begin hul eise stel deur te protesteer

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

ÉcoleBooks

2.2.1 **Identifiseer die basisjaar wat die Suid-Afrikaanse Reserwebank gebruik om totale in die nasionale rekeninge saam te stel.**

2015 ✓ (1)

2.2.2 **Gee die alternatiewe term wat vir *bruto waarde toegevoeg in nasionale rekeninge* gebruik word.**

Bruto binnelandse produk / BBP(P) ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *bruto waarde toegevoeg*.**

Die waarde wat toegevoeg word op die goedere by elke stadium van die produksieproses ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.4 **Hoe word basiese pryse na markpryse omgeskakel?**

Belasting op produkte word bygevoeg en subsidies op produkte word afgetrek van die bruto binnelandse produk teen basiese pryse om die bruto binnelandse produk teen markpryse te kry./
BWT @ basiese pryse PLUS belasting op produkte MINUS subsidie op produkte = BBP @ markpryse ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Waarom sou ekonome konstante pryse bo huidige pryse verkies wanneer ekonomiese groei gemeet word?**

- Konstante pryse is aangepas om die effekte van inflasie in ag te neem, teenoor huidige pryse wat nie aangepas is nie ✓✓
- Konstante pryse gee 'n ware beeld van werklike veranderinge in die produksie van goedere en dienste, terwyl huidige pryse 'n skewe beeld gee ✓✓
- Huidige pryse gee 'n verwronge aanduiding van die werklike groei van die ekonomie ✓✓
- Om ekonomiese groei te meet met gebruik van konstante pryse gee akkurate data aan beleidmakers om ingeligte besluite te neem
- Konstante pryse help om van een jaar na die volgende 'n akkurate vergelyking van ekonomiese prestasie te maak.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Noem die staatsdepartement wat vir die formulering en implementering van fiskale beleid verantwoordelik is.**

Departement van Finansies ✓ (1)

2.3.2 **Gee die maatstafpersentasie vir staatskuld in verhouding tot bruto binnelandse produk.**

EcoleBooks

Nie meer as 60% nie ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *mediumtermyn-bestedingsraamwerk.***

Dit toon die owerheid se inkomste- en bestedingberamings vir 'n driejaar-tydperk ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.4 **Waarom is daar 'n behoefte dat die owerheid meer aan maatskaplike ontwikkeling bestee?**

- 'n Aansienlike deel van die Suid-Afrikaanse bevolking leef steeds in armoede; dus behoort die regering meer hulpbronne toe te ken om hul lewenstandaard te verbeter ✓✓
- Die werkloosheidsyfer is die hoogste in die wêreld as gevolg van laevlak-vaardighede, verminderde BBP en 'n tekort aan belegging. Hoë werkloosheidskoers verhoog die afhanklikheidskoers van die regering, dit dwing die regering dus om besteding aan aktiwiteite wat die lewens van die mense verbeter, te verhoog ✓✓
- Baie mense het hul werk en bronne van inkomste verloor as gevolg van die Covid-19-pandemie en benodig toelaes om te oorleef ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM




2.3.5 **Hoe kan inkomstebelastingkategorieë belastingbetalers beïnvloed?**

- 'n Toename in inkomste kan belastingbetalers in hoër belastingkategorieë instoot as belastingkategorieë dieselfde bly, wat lei tot hoër belastings (belastingversnelling/'bracket creep')
- Belastingbetalers ontvang nie die volle voordeel van 'n toename in hulle lone nie.
- 'n Toename in hulle inkomste sal nie huishoudings na hoër belastingkategorieë skuif nie wat dus belastingversnelling sal voorkom. ✓✓
- Dit sal belastingverligting aan werkers gee aangesien hulle bestaande salarisse in laer belastingkategorieë kan val. ✓✓
- Hul verbruikbare inkomste kan toeneem, wat hulle toelaat om meer op goedere en dienste te spandeer ✓✓

LW: aanvaar die verduideliking vir 'n afname in die belastingkerf/-kategorie wat 'n negatiewe impak op die verbruiker se besteebare inkomste sal hê) (2 x 2) (4)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

**2.4 Met behulp van' n korrek benoemde grafiek, verduidelik die vermenigvuldiger.**




Benoem van asse = 1 punt
Benoem op asse = 1 punt
Verskuiwing van verbruikers-funksie = 1 punt
E = Y - 1 punt
Maks. 4

- Die vermenigvuldigereffek kom voor as ‘n klein styging in besteding lei tot ‘n proporsioneel groter styging in nasionale inkome ✓✓
- By ‘n inkome van Y, sny die bestedingskromme die vertikale as by AE ✓✓
- ‘n Styging van AE na $AE_1$ beteken dat meer geld in die ekonomie ingespuit word ✓✓
- Dit veroorsaak ‘n proporsioneel groter styigng in inkome van Y na $Y_1$. ✓✓

(2 x 2) = (4) 8

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**Verduideliking moet verband hou met die grafiek om punte te verdien. Verduideliking – 4 punte.**

2.5 **Hoe kan veranderinge in *terme van ruilvoet* die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed?**

- 'n Styging in die ruilvoet kom as gevolg van 'n styging in uitvoerpryse en/of 'n daling in invoerpryse. ✓✓
- 'n Styging in uitvoerpryse sal ekonomiese welvaart op kort termyn verhoog, want meer inkomste word met dieselfde besteding op invoere verdien ✓✓
- 'n Daling in invoerpryse lei tot minder besteding of minder betalings op invoere op die kort termyn ✓✓
- Hoër uitvoerverdienste en laer invoerbetalings kan die betalingsbalanstekort op kort termyn verminder ✓✓
- Minder hulpbronne word gebruik om uitvoere te produseer wat vir invoere sal betaal ✓✓
- Die vraag na Suid-Afrikaanse uitvoere mag daal oor die langtermyn as gevolg van hoër pryse ✓✓
- 'n Daling in ruilvoet vind plaas as gevolg van 'n daling in uitvoerpryse en/of 'n styging in invoerpryse. ✓✓
- 'n Daling in uitvoerpryse sal ekonomiese welvaart verklein op kort termyn, want minder inkomste word verdien met dieselfde/minder besteding aan invoere. ✓✓
- 'n Styging in invoerpryse sal lei tot meer besteding of minder betalings op invoere op kort termyn. ✓✓
- Laer uitvoerverdienste en hoër invoerbetalings kan die betalingsbalanstekort op kort termyn vergroot. ✓✓
- Meer bronne sal gebruik word om uitvoere te produseer om vir invoere te betaal. ✓✓
- Vraag na Suid-Afrikaanse uitvoere kan op lang termyn toeneem as gevolg van laer pryse. ✓✓

  OF
- 'n Toename in uitvoer sal die ontwikkeling van die land se nywerheidskapasiteit aanmoedig ✓✓
- Meer buitelandse valuta sal verdien word om vir invoere te betaal ✓✓
- Verhoogde uitvoere kan lei tot 'n verbetering van die betalingsbalans
- Toename in invoere kan lei tot die depresiasie van die wisselkoers en dit sal duur wees vir Suid-Afrika om van ander lande te koop. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (8)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)

**[40]**


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 **Noem TWEE metodes van invoervervanging.**

- Tariewe (ad-valorem tarief, spesifieke tarief) ✓
- Wegkeer van handel/invoerdeposito's/kwaliteitstandaarde ✓
- Kwotas ✓
- Subsidies ✓
- Wisselkoersbeheer ✓
- Fisiese beheer/ Embargo✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe kan die owerheid die herstel van grondregte gebruik om sy ontwikkelings- en regstellingsdoelwitte te bereik?**

Die owerheid kan grond teruggee of kontantvergoeding betaal aan diegene wat hul grond verloor het a.g.v. diskriminerende wette in die verlede, om die lewenstandaard van voorheen benadeeldes te verbeter ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

ÉcoleBooks

3.2.1 **Identifiseer die energiebron wat verband hou met die verbranding van fossielbrandstowwe.**

Steenkool ✓ (1)

3.2.2 **Gee die indeks wat gebruik word om die samelewing se vlak van ontwikkeling te meet.**

Menslike Ontwikkelingsindeks / MOI✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *ekonomiese aanwyser*.**

Statistiese data gebruik om die prestasie van die ekonomie te meet/ Statistiese inligting wat deur die regering gebruik word om toekomstige ekonomiese beleid te bepaal en om voorspellings oor toekomstige prestasie van die ekonomie te maak ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.4 **Verduidelik die negatiewe impak van landelik-stedelike migrasie op die verskaffing van dienste in stedelike gebiede.**

- Bevolking in stedelike gebiede sal styg wat meer druk op die verskaffing van dienste soos water en sanitasie sal plaas ✓✓
- Verskaffing van behuising sal nie aan vraag kan voldoen nie, wat sal lei tot informele nedersettings sonder behoorlike infrastruktuur ✓✓
- Die vraag na Elektrisiteit in stedelike gebiede sal druk op die kragnetwerk plaas wat tot meer beurtkrag sal lei. ✓✓
- Beperkings van plaaslike regering met betrekking tot plaaslike begroting en beplanning. ✓✓
- Onregmatige besetting van grond wat vir landbouproduksie opsy gesit is. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.5 **Hoe sal hernubare energiebronne arm huishoudings in landelike gebiede positief beïnvloed?**

- Lewenskoste van huishoudings sal daal omdat hulle minder vir elektrisiteit/energie betaal, wat lei tot 'n hoër lewenstandaard ✓✓
- Huishoudings het meer verbruikbare inkomste om op ander basiese goedere en dienste te spandeer ✓✓
- Elektrisiteit raak meer toeganklik vir kwesbare gemeenskappe ✓✓
- Skoon energiebronne sal 'n positiewe impak op die gesondheid van gemeenskappe hê ✓✓ (2 x 2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer die finansiële aansporing wat toelaat dat intermediêre goedere sonder die betaling van enige tariewe ingevoer word.**

Doeanevry ✓ (1)

3.3.2 **Noem enige EEN spesiale ekonomiese sone in Suid-Afrika.**

- Coega SES (Oos-Kaap) ✓
- Richardsbaai SES (KZN) ✓
- Oos-London SES (Oos-Kaap) ✓
- Saldannabaai SES (Wes-Kaap) ✓
- Dube Tradeport SES (KZN) ✓
- Maluti-a-phofung SES (Vrystaat) ✓
- OR Tambo NOS (Gauteng) ✓
- Musina/Makhado SES (Limpopo) ✓
- Atlantis SES (Wes-Kaap) ✓
- Nkomazi SES (Mpumalanga) ✓
- Tshwane Automotive SES ✓ (1)


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



3.3.3 **Beskryf kortliks die term *korridors.***

'n Korridor is 'n stuk grond wat 'n deurgang vorm wat toegang bied van een gebied na 'n volgende en ontwikkel word as deel van streeksontwikkeling ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Hoe gebruik die owerheid maatskappybelasting om beleggings na spesiale ekonomiese sones te lok?**

- Die owerheid verminder maatskappybelasting van 27% na 15% vir besighede wat in SES's gevestig word. ✓✓
- Die belastingvermindering maak dit vir nuwe besighede moontlik om die eerste paar jaar in produksie te oorleef deur bedryfskoste vir hulle te verminder. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.5 **Verduidelik die belangrikheid van openbare-privaat vennootskappe in ruimtelike ontwikkelingsinisiatiewe.**

- Dit stel privaatsektorbesighede in staat om voordeel te trek uit die ekonomiese potensiaal van onderontwikkelde gebiede ✓✓
- Die private besigheid kan beleggingskapitaal verskaf, terwyl die regering kapitaal vir infrastruktuur verskaf soos paaie en water/ elektrisiteit ✓✓
- Meer produksiefaktore sal gebruik word aangesien meer beleggings gelok sal word ✓✓
- Besighede trek bevoordeel uit winste en die regering trek voordeel uit belastings, heffings en verlaagde werkloosheid ✓✓
- Laat die beweging na internasionale mededingendheid, streeksamewerking en meer diverse eienaarskapbasis toe ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.4 **Beskryf in hooftrekke die doelwitte van streeksontwikkeling.**

- Verminder ongelyke ontwikkeling van ekonomiese aktiwiteite binne 'n land ✓✓
- Stimuleer ontwikkeling in armer gebiede ✓✓
- Verhoed dat nuwe wanbalanse ontstaan / verbeter mededingendheid van alle provinsies ✓✓
- Implementeer en koördineer die implementering van nasionale- en streeksnywerheidsbeleide ✓✓
- Voorkom nuwe wanbalanse wat kan ontstaan ✓✓
- Verbeter mededingendheid van alle provinsies ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir blote opnoem van feite/ voorbeelde)
(4 x 2) (8)

3.5 **Analiseer die omgewingseffekte van ekonomiese aktiwiteite van lande in die noorde.**

- Massaproduksie en verbruik in die noorde beskadig die osoonlaag, veroorsaak deur besoedeling en giftige stowwe ✓✓
- Noordelike lande is skuldig aan die gebruik van groot verbranders van olie en steenkool, waar $CO_2$ die omgewing beskadig en klimaatsverandering regdeur die wêreld ervaar word ✓✓
- Kweekhuisgasse deur groot nywerhede geproduseer affekteer lewens in die suide meer negatief as gevolg van hulle lewenswyse. ✓✓
- Klimaatsverandering het internasionale ooreenkomste soos die Kyoto Protokol nodig gemaak om kweekhuisgasse te verminder. ✓✓
- Klimaatsverandering lei tot swakker landbouproduksie as gevolg van swak grondtoestande, onvoldoende reën en onbetroubare reënval. ✓✓
- Die suide word erg beïnvloed deur agteruitgang en vernietiging van grond, waterbesmetting en plantegroei wat wanvoeding en hongersnood veroorsaak✓✓
- Handelsuitbreiding kan 'n duidelike direkte impak op die omgewing hê as gevolg van hoër besoedeling of minder natuurlike hulpbronne ✓✓
- Oop markte kan toegang tot nuwe tegnologieë verbeter, wat plaaslike produksieprosesse doeltreffender maak deur die gebruik van insette soos energie, water en ander omgewingskadelike stowwe te verminder.✓✓
- Namate 'n land meer geïntegreer word binne die wêreldekonomie, word sy uitvoersektor meer blootgestel aan omgewingsvereistes wat deur die invoerders ingestel word. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (8)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde) **[40]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

4.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

4.1.1 **Noem enige TWEE internasionale maatstafkriteria vir streeksontwikkeling.**

- Vryemark oriëntering ✓
- Mededingendheid ✓
- Volhoubaarheid ✓
- Goeie staatsbeheer ✓
- Verskaffing van hulpbronne ✓
- Belegging in sosiale kapitaal ✓
- Integrasie ✓
- Vennootskappe ✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoekom word laste bygevoeg wanneer netto direkte beleggings in die finansiële rekening van die betalingsbalans bereken word?**

Laste verteenwoordig kapitaalinvloei of geld wat vanaf die buitelandse sektor in Suid-Afrika invloei. ✓✓ (1 x 2) (2)

ÉcoleBooks

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die aanbodrede vir internasionale handel waaraan in die uittreksel hierbo aandag gegee word.**

Natuurlike hulpbronne ✓ (1)
Tegnologie ✓

4.2.2 **Noem die produk wat uitdruklik in die betalingsbalans aangeteken word, as gevolg van die historiese belang daarvan**

Goud ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *massaproduksie.***

Die produksie van goedere in groot hoeveelhede wat die gemiddelde produksiekoste kan verlaag ✓✓ (2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

4.2.4 **Verduidelik die rede waarom Suid-Afrikaanse verbruikers produkte invoer wat op binnelandse markte beskikbaar is.**

- Ingevoerde produkte kan 'n beter kwaliteit as plaaslike produkte wees ✓✓
- Ingevoerde produkte kan beskikbaar wees teen laer pryse ✓✓
- Sommige plaaslike verbruikers geniet inkopies uitsluitlik as gevolg van handelsmerklojaliteit, toename in inkomste en as gevolg van verskillende smake ✓✓ (2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

4.2.5 **Hoe kan natuurrampe, soos 'n droogte, die Suid-Afrikaanse handelsbalans beïnvloed?**

- Verminderde plaaslike landbouproduksie sal lei tot 'n daling in uitvoere ✓✓
- Plaaslike verbruikers word gedwing om meer voedselprodukte in te voer as gevolg van die tekorte op plaaslike markte ✓✓
- Die handelsbalans sal verswak soos wat uitvoere afneem terwyl invoere toeneem ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

ÉcoleBooks

4.3.1 **Identifiseer EEN komponent van totale vraag in die inligting hierbo.**

- Uitvoere ✓
- Huishoudelike besteding / verbruikersbesteding ✓ (1)

4.3.2 **Noem die werksverskaffingsaanwyser wat mete die grootte van die arbeidsmag in die land te make het.**

Ekonomies aktiewe bevolking/ EAB / indiensneming / ekonomiese bedrywige bevolking ✓
(Aanvaar enige ander relevante antwoord.) (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *ekonomiese groei.***

'n Styging in die produksie van goedere en dienste oor tyd / ‘n styging in die reële BBP ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Verduidelik die impak van 'n styging in verbruiksbesteding op die produksie van goedere en dienste.**

Vraag na goedere en dienste sal styg, wat besighede sal aanmoedig om meer te produseer ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



4.3.5 **Hoe kan klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's) tot ekonomiese groei en ontwikkeling bydra?**

- Meer werksgeleenthede sal geskep word in beide die formele en informele sektore wat lei tot meer bronne van inkomste ✓✓
- Styging in totale vraag sal lei tot hoër produksievlakke ✓✓
- Mededinging sal toeneem, wat sal lei tot laer pryse vir goedere en dienste ✓✓
- Belastinginkomste vir die staat sal styg, wat sal lei tot meer maatskaplike besteding op armes ✓✓
- Surplusprodukte sal uitgevoer word en buitelandse valuta sal verdien word om vir ingevoerde insette te betaal. ✓✓
- Owerheid ondersteun om programme wat skep vir die opleiding van werkers ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.4 **Bespreek kortliks *wisselkoersstabiliteit* en *prysstabiliteit* as makroekonomiese doelwitte van die owerheid.**

**Wisselkoersstabiliteit:**
- Depresiasie en appresiasie van 'n geldeenheid skep onsekerheid by produsente en handelaars, en moet beperk word ✓✓
- Die owerheid behoort die ekonomie op so 'n wyse te bestuur deur monetêre en fiskale beleide dat die wisselkoers relatief stabiel bly so lank as moontlik ✓✓
- Suid-Afrika volg stabiele wisselkoerse om buitelandse kapitaal te trek ✓✓

**Prysstabiliteit:**
- In 'n gemengde ekonomie, fluktueer pryse soos vraag en aanbod verander ✓✓
- Gereelde en dramatiese verandering in pryse beïnvloed ekonomiese groei en indiensneming ✓✓
- Die owerheid poog om teen onstabiele pryse te waarsku ✓✓
- In Suid-Afrika, beteken prysstabiliteit 'n inflasiekoers van tussen 3% tot 6% ✓✓
- Stabiele pryse stel ondernemings en huishoudings in staat om inkomste en uitgawes te voorspel. ✓✓
- Beleggersvertroue word versterk deur stabiele pryse en lok direkte buitelandse beleggings. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 4)
(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde) (8)

4.5 **Analiseer die uitdagings van die Suid-Afrikaanse owerheid om die werkloosheidkoers in die ekonomie te verminder.**

Die Suid-Afrikaanse owerheid word deur die volgende uitdagings in die vermindering van werkloosheid in die gesig gestaar:-

- Korrupsie onder staatsbeheerde ondernemings skep 'n negatiewe sentiment onder potensiële beleggers ✓✓
- Gebrek aan vaardighede onder die jeug van Suid-Afrika verminder die geskiktheid vir werk van baie mense. ✓✓
- Gebrek aan inligting onder sommige jeugdiges verminder toeganklikheid van werksgeleenthede. ✓✓
- Covid-19 resessie het gelei tot duidende wat hulle werk verloor het, wat die werkloosheidsyfer skerp laat styg het ✓✓.
- Negatiewe sentiment teenoor die ekonomie lei tot minder buitelandse direkte beleggings. ✓✓
- Gebreek aan aanvangskapitaal onder die jeug lei daartoe dat daar nie in baie potensiële entrepreneursidees belê word nie. ✓✓
- Swak infrastruktuur in sommige streke van die land verminder nywerheidsaktiwiteite in sulke gebiede. ✓✓
- Onbetroubare elektrisiteitsvoorsiening knou enige vooruitsigte om werksgeleenthede in Suid-Afrika te vergroot verder. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde) (8)
**[40]**

ÉcoleBooks

**TOTAAL AFDELING B: 80**


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**

- **Bespreek in besonderhede die nuwe ekonomiese paradigma in die effening van sakesiklusse. (26 punte)**
- **Evalueer die Suid-Afrikaanse owerheid se inisiatiewe om die ekonomiese afswaai wat deur die Covid-19-pandemie veroorsaak is, te verminder. (10) [40]**

**INLEIDING**

- Die nuwe ekonomiese paradigma stel voor dat dit moontlik is om maatreëls te implementeer wat ekonomiese groei bevorder en werkloosheid verlaag sonder om inflasie te veroorsaak ✓✓
- Die nuwe ekonomiese paradigma is geanker in beide vraagkant- en aanbodkantbeleide ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 2)

**INHOUD: HOOFDEEL**

**Vraagkantbeleide:** ✓

- Tradisionele monetêre en fiskale beleide fokus op totale vraag ✓✓

**Monetêre beleid:** ✓

ÉcoleBooks


- Wanneer die vlak van ekonomiese aktiwiteit verslap, gebruik die SARB 'n ekspansionêre maatreëls om ekonomiese aktiwiteite te stimuleer ✓✓
- 'n Ekspansionêre monetêre beleid word geïmplementeer wanneer die ekonomie in resessie is, om ekonomiese aktiwiteite te stimuleer ✓✓
- Rentekoerse kan verlaag word om lenings goedkoper te maak en besteding deur huishoudings en besighede aan te moedig ✓✓
- Die verhoogde besteding verhoog die vlak van ekonomiese aktiwiteit. Belegging sal styg en meer produksiefaktore sal aangewend word ✓✓
- Hoër vlakke van produksie en inkome en besteding word bereik ✓✓
- As die aanbod van goedere en dienste nie toeneem in lyn met 'n styging in vraag nie, sal inflasie styg ✓✓

**Fiskale beleid** ✓

- Wanneer die vlak van ekonomiese aktiwiteit laag is, kan die minister van finansies ekspansionêre fiskale maatreëls gebruik om groei te stimuleer en werkloosheid te verminder ✓✓
- 'n Ekspansionêre fiskale beleid kan geïmplementeer word as die ekonomie in resessie is om ekonomiese aktiwiteite te stimuleer ✓✓
- 'n Styging in staatsbesteding sal totale vraag verhoog ✓✓
- Wanneer daar 'n groter inspuiting in die ekonomie soos produksie is wat tot meer werksgeleenthede van produksiefaktore sal lei ✓✓
- Die gevolg sal wees hoër inkome en hoër besteding ✓✓
- Belasting kan verlaag, wat sal lei tot 'n styging in verbruikbare inkome ✓✓
- Verbruiksbesteding en beleggings sal styg wat totale vraag stimuleer ✓✓

**Inflasie ✓**

- Wanneer die vraag toeneem, sal die aanbod op dieselfde manier reageer. ✓✓
- As die aanbod nie op 'n toename in vraag reageer nie, sal pryse styg ('n nuwe ewewig). ✓✓
- Totale vraag en aanbod is in ewewig waar AD = AS by punt C, en weer waar $AD_1$ = $AS_1$ by punt E. ✓✓
- Wanneer die vraag toeneem, sal die aanbod op dieselfde manier reageer. ✓✓
- Fig (a) hieronder illustreer dat indien $AD_1$ toeneem en AS nie reageer nie, die nuwe ewewig by punt F sal wees. Daarom sal reële produksie toeneem en pryse sal ook toeneem. Inflasie sal seëvier. ✓✓




| TOEKENNING VAN PUNTE: | |
|---|---|
| Benoeming van asse | = 1 punt |
| Benoeming van krommes | = 1 punt |
| Verskuiwing van TV en TA | = 2 punte |
| | Maks. 4 punte |

**Werkloosheid ✓**

- Vraagkantbeleide is effektief om ekonomiese groei te stimuleer. ✓
- Die vraag na arbeid sal toeneem as gevolg van ekonomiese groei, en dit lei tot verminderde werkloosheid. ✓
- ’n Afname in werkloosheid het ’n toename in inflasie tot gevolg omdat meer mense in diens geneem word, wat ’n toename in die vraag na arbeid veroorsaak. ✓
- Hierdie verband tussen werkloosheid en inflasie word geïllustreer deur die Phillips-kromme te gebruik. ✓




DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**PHILLIPS KROMME**




**TOEKENNING VAN PUNTE:**

Benoeming van asse = 1 punt
Benoeming van kromme = 1 punt
Benoeming op asse = 1 punt
Korrekte vorm van PK = 1 punt
**Maks. 4 punte**

- Die Phillips-kromme toon die verband tussen werkloosheid en inflasie aan. ✓✓
- PC toon die aanvanklike situasie, waar by punt C die PC-kromme x/as sny, met ander woorde natuurlike werkloosheidsyfer is 14%. ✓✓
- As werkloosheid tot 10% daal, sal lone toeneem met 2%; dus 'n omgekeerde verhouding tussen werkloosheid en inflasie. ✓✓
- Maatreëls aan die aanbodkant kan die Phillips-kromme verskuif na links as gevolg van 'n verbetering van onderwys, effektiewe opleiding, minder beperkings op immigrasie van geskoolde werkers ✓✓
- Vraagkantbeleide is effektief om ekonomiese groei te stimuleer. ✓✓
- Ekonomiese groei kan lei tot 'n toename in die vraag na arbeid. ✓✓
- Gevolglik sal meer mense in diens geneem word en werkloosheid sal afneem.
- Namate werkloosheid afneem, sal inflasie waarskynlik toeneem. ✓✓

**Aanbodkantbeleide** ✓

- 'n Vraagkantbenadering verskaf nie die verlangde uitkoms nie, omdat groei gesny moet word a.g.v. probleme met inflasie ✓✓
- Totale aanbod moet goed bestuur word, deur te fokus op verhoogde buigsaamheid van aanbodkomponente ✓✓
- As die koste van verhoogde produksie totaal buigsaam is, kan 'n groter produksie teen enige prysvlak verskaf word ✓✓
- Die owerhede kan sake in die ekonomie reël op so 'n wyse dat dit ooreenstem met veranderinge in die vraag ✓✓
- Verlaagde koste laat 'n groter uitset toe wat by enige gegewe prysvlak verskaf word ✓✓

**Regeringsmaatreëls wat koste kan verlaag ✓**

- Infrastruktuurdienste soos kommunikasie, vervoer en energiekoste ✓✓
- Administrasiekoste soos inspeksies en regulasies dra by tot algehele koste ✓✓
- Kontantaansporings soos subsidies verlaag die produksiekoste ✓✓
- Vergoeding aan uitvoerders om verhoogde produksie wat gerig is op buitelandse markte, aan te moedig ✓✓

**Maatreëls om doeltreffendheid van insette te verbeter ✓**

- Laer koerse van persoonlike inkomstebelasting is aansporings vir hoë produktiwiteit en verhoog totale aanbod ✓✓
- Kapitale verbruik deur kapitaalgoedere op 'n gereelde grondslag te vervang wat geleenthede sal skep vir besighede om by te hou met tegnologiese ontwikkeling ✓✓
- Menslikehulpbron-ontwikkeling waar die gehalte van arbeid verbeter kan word deur gesondheidsorg, onderwys en opleiding te verbeter wat die doeltreffendheid van besighede sal verhoog ✓✓
- Gratis adviesdienste om geleenthede te bevorder om uit te voer en om sakeaktiwiteite in die buiteland te vestig, soos weervoorspellings, veeartsenydienste en navorsing ✓✓

**Maatreëls om doeltreffendheid van markte te verbeter ✓**

ÉcoleBooks

- Deregulering waar wette en regulasies verwyder word om markte vry te maak ✓✓
- Mededinging word aangemoedig om nuwe besighede te vestig, buitelandse direkte investering aan te lok, en magswanbalanse te verwyder ✓✓
- Maak die ekonomiese speelvlak gelyk omdat private besighede nie kan meeding met publieke sakeondernemings nie, a.g.v. wetlike beskerming ✓✓ (Maks 26)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde)


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**ADDISIONELE DEEL**

- Verlaging in repokoers om die koste van lenings laag te hou, het verbruikersbesteding en beleggings gestimuleer.✓✓
- Leningswaarborge vir besighede met 'n lae omset het gehelp dat hulle die ekstra koste van Covid-19 kan oorleef ✓✓
- Verslapping van regulerende vereistes wat die vloei van krediet aan huishoudings en besighede ondersteun het ✓✓
- Die regering het tydelike betalingsvakansies en ander maatreëls ingestel om debiteure te ondersteun ✓✓
- Uitstel van belasting en nuwe belastings het besighede aangemoedig om voort te gaan om te funksioneer, wat sommige werksgeleenthede gered het ✓✓
- Tydelike indiensnemingverligtingskemas het werkers ondersteun en afleggings verminder ✓✓
- Uitbreiding van maatskaplike toelaes en ander maatskaplike steun het die vraag na goedere en dienste verhoog wat besighede aanmoedig om meer te produseer ✓✓
- Hertoekenning van fondse tussen staatsdepartemente lei tot mislukking in dienslewering van departemente bv. Infrastruktuurontwikkeling ✓✓
- Beperkings in die verhandel van nie-noodsaaklike produkte soos alkohol en tabak lei tot 'n daling in belastinginkomste vir die staat ✓✓
- Leen van fondse om die pandemie te beveg, het publieke skuld laat toeneem ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte hoërorde relevante antwoord) (Maks 10)

ÉcoleBooks

**SLOT**

Dit is krities belangrik vir die owerheid om te fokus op beide vraagkant- en aanbodkantmaatreëls om stabiliteit in die ekonomie te verseker ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte hoërorde relevante antwoord) (Maks 2)
**[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES**

- **Bespreek die argumente ten gunste van proteksionisme/beskerming. (26 punte)**
- **Hoe kan Suid-Afrika uit handel in wêreldmarkte voordeel trek? (10 punte)**

**INLEIDING**

'n Handelsbeleid waar die staat maatreëls implementeer om plaaslike nywerhede teen onregverdige mededinging vanaf ander lande, te beskerm ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 2)

**INHOUD: HOOFDEEL**

**Nywerheidsontwikkeling** ✓
- Sekere ontwikkelende lande is geskik vir die vestiging van sekere tipes nywerhede ✓✓
- Vryhandel maak dit onmoontlik om mee te ding met goedgevestigde ouer lande, omdat die eerste paar jaar van bestaan van 'n nywerheid baie moeilik is ✓✓
- Ouer nywerhede gebruik onregverdige metodes om pryse te sny en storting – daarom is dit nodig om jong nywerhede te beskerm tot hulle behoorlik gevestig is ✓✓
- Beskerming sal mededinging voorkom, omdat dit moeilik is om dit te stop as dit eers toegepas word ✓✓

ÉcoleBooks

**Kleuternywerhede** ✓
- Dis moeilik vir 'n jong nywerheid om te oorleef, omdat hul gemiddelde koste hoër is as die van goedgevestigde buitelandse mededingers ✓✓
- As hulle in hulle vroeë jare beskerm word, sodat hulle kan groei en voordeel trek uit skaalvoordele/laer gemiddelde koste/mededingend raak ✓✓

**Stabiele loonvlakke en hoë lewenstandaard** ✓
- 'n Land met hoë lone het 'n siening dat die lewenstandaard ondermyn sal word as goedkoper goedere uit lande met lae lone ingevoer word ✓✓
- In werklikheid word hoë lone aan werkers betaal met 'n hoë produktiwiteit ✓✓

**Verhoogde indiensneming** ✓
- Plaaslike nywerhede wat nie winsgewende markte kan vind nie, kan produksie stop en werkloosheid veroorsaak ✓✓
- Beskerming sal lei tot minder werkloosheid ✓✓

**Ekonomiese selfstandigheid en strategiese sleutelnywerhede** ✓
- Oorloë veroorsaak isolasie of wrywing tussen lande, depressie, verskuiwing in vraag, alles faktore wat noodsaaklik is vir selfstandigheid ✓✓
- Beskerming word verleen veral aan sleutelnywerhede om oorlewing te verseker ✓✓


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**Handhaaf binnelandse indiensneming, om werkloosheid te verminder en meer werksgeleenthede te verskaf ✓**

- Lande met hoë vlakke van werkloosheid, word gedruk om werkskepping te stimuleer ✓✓
- Beskermingsbeleide word gebruik om nywerheidsvorming te stimuleer ✓✓
- Binnelandse indiensneming word aangemoedig deur invoerbeperkings in te stel ✓✓
- Binnelandse indiensneming word geskep ten koste van ander lande en staan bekend as "bedel by jou naaste" ("*beggar thy neighbour*" beleide ✓✓

**Voorkom storting ✓**
- Lande verkoop goedere in die buiteland teen laer pryse as produksiekoste in land van oorsprong ✓✓
- Storting word gebruik om toegang te kry tot nuwe markte, en dwing finansieel swakker nywerhede uit mededinging ✓✓
- Buitelandse ondernemings kan betrokke raak by storting omdat staatsubsidies hulle toelaat om goedere teen baie lae pryse of onder koste te verkoop of omdat hulle poog om winste te verhoog deur prysdiskriminasie. ✓✓
- Die aanvanklike rede vir die uitvoer van produkte teen 'n lae prys kan wees om van opgehoopte voorraad goedere ontslae te raak. ✓✓
- Op kort termyn sal verbruikers in die invoerland bevoordeel word. ✓✓
- Langtermyndoelwit kan egter wees om binnelandse produsente uit te dryf en 'n sterk markposisie te verkry. ✓✓
- In hierdie geval sal verbruikers waarskynlik verloor as gevolg van die vermindering in keuses en die hoër pryse wat die uitvoerders kan vra. ✓✓
- Beskerming verhoed dat buitelandse nywerhede hul surplusse en buite-seisoen goedere teen lae pryse stort, wat skadelik vir plaaslike nywerhede kan wees. ✓✓

**Stabiliseer wisselkoerse en betalingsbalans ✓**
- Handelaars koop op die goedkoopste markte en verkoop op die duurste markte ✓✓
- Lande voer primêre produkte uit en voer vervaardigde goedere in, wat die betalingsbalans en wisselkoerse versteur ✓✓
- Pryse van invoere styg deur tariewe en kwotas ✓✓
- 'n Stabiele wisselkoers en betalingsbalans verhoog staatsinkome/voorkom dat skadelike goedere die land binnekom/ontwikkel groter tegniese vaardighede ✓✓

**Beskerming van natuurlike hulpbronne ✓**
- Vryhandel sal hulpbronne uitput omdat die wêreld daarin deel ✓✓
- Beskerming verseker dat nywerhede oorleef ✓✓

**Verseker groter ekonomiese stabiliteit** ✓
- Oorspesialisasie is 'n gevolg van vryhandel en is skadelik in tye van oorlog en wrywing (meer gewere as voedsel) ✓✓
- Beskerming voorkom oorspesialisasie, en skep 'n meer gedifferensieerde ekonomie en groter stabiliteit ✓✓
- Dit bevorder ook sekondêre nywerhede en die welvaart van mense wat van beskermde nywerhede afhanklik is ✓✓
- As invoere meer is as uitvoere, kan 'n land invoerbeheer instel soos doeaneregte en kwotas, wat die tekort op die betalingsbalans uitskakel ✓✓
- Ontwikkelende lande vertrou op die uitvoer van primêre produkte. Verkope van geprosesseerde goedere is meer voordelig vir 'n land omdat meer valuta daarmee verdien word. Beskerming verseker die prosessering van primêre goedere tot voltooiing ✓✓

('n Maksimum van 8 punte kan toegeken word vir blote opnoem van feite/voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 26)

**ADDISIONELE DEEL**

Suid-Afrika sal soos volg voordeel trek uit wêreldmarkte:
- Produksie van goedere en dienste sal toeneem aangesien plaaslike besighede hul produkte op groter markte sal verkoop ✓✓
- Kwaliteit van goedere en dienste sal verbeter want besighede probeer om wêreldstandaarde te ewenaar ✓✓
- Mededinging van buitelandse produkte sal plaaslike besighede aanmoedig om meer innoverend te wees ✓✓
- Doeltreffendheid in die produksie van goedere en dienste sal daartoe lei dat besighede laer pryse vra ✓✓
- Suid-Afrikaanse verbruikers sal 'n groter keuse van goedere en dienste hê, omdat hulle toegang het tot buitelandse produkte ✓✓
- Meer werksgeleenthede kan geskep word want produksie van goedere en dienste sal styg ✓✓
- Inflasie kan beheer word want plaaslike pryse sal aan internasionale pryse gekoppel wees ✓✓
- Suid-Afrika sal sy handelsverhoudings met ander lande vermeerder, wat sal lei tot die voordeel van ‘n groter markaandeel internasionaal ✓✓
- Verdien buitelandse valuta wat die binnelandse geldeenheid sal versterk ✓✓
- Suid-Afrika sal spesialiseer in die produksie van goedere waar hulle ‘n vergelykende voordeel geniet ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoërorde-antwoord) (Maks 10)

**SLOT**
Die beleid van beperking van internasionale handel (beskerming) met die doel om werkloosheid of kapitale verliese in nywerhede wat bedreig word deur invoere, te voorkom, kan moontlik nie die interne inkomsteverspreiding genoegsaam beïnvloed of die land se ruilvoet verbeter nie want dit is nie gebaseer op internasionale monopoliekrag en spesialiskennis nie ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoërorde antwoord) (Maks 2)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C 40**
**GROOTTOTAAL 150**

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM